

'n Bietjie beplanning kan jou erflating bevoordeel

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ek dink nêrens is die wet van onbedoelde gevolge so relevant en het dit so 'n reuse-impak as in jou persoonlike finansiële beplanning nie.

Dit is te meer nog so met testamentêre bemakings en die finansiële versorging van naasbestaendes. Daarom

kan ek nie sterk genoeg aanbeveel dat jy 'n kundige finansiële beplanner kry om jou by te staan nie.

As voorbeeld vir my punt, kom ons kyk na enkele onbedoelde gevolge wat 'n lewenspolis op jou boedelbeplanning kan hê.

Die agtergrond is kortliks die algemeen bekende. Jy koop 'n lewenspolis, want jy wil seker maak almal is versorg ná jou dood. Die polis betaal direk aan die begunstigde omdat jy gesê is dit bespaar op die eksekuteurstarief (die storie dat dit boedelbelasting bespaar, is bloot twak).

Hier is die scenario: Jy bemaak seker bates aan jou kinders (of 'n trust) ter waarde van R3,5 miljoen (dit is die vry-

stellingsbedrag op boedelbelasting).

Maar jy het ook 'n polis van R2 miljoen wat jy direk aan 'n ander kind (of enigiemand anders) begunstig het en wat by jou dood direk aan daardie persoon uitbetaal. Die restant van jou boedel gaan aan jou vrou. Die grootste deel van die restant is die woonhuis. Jou aftreefonds moet sorg vir haar inkomste.

Die netto boedel - dit is ná alle aftrekkings, waaronder jou bemaking aan jou vrou, wat ook aftrekbaar is - in dié geval (buiten die genoemde polis) is vir doeleindes van my punt R3,5 miljoen.

Omdat R3,5 miljoen vrygestel is, is geen boedelbelasting betaalbaar nie.

Maar bring nou die R2 miljoen lewensdekking in wat direk aan die begunstigde uitbetaal. Die polis is 'n geagte bate in die boedel. Die netto boedel, ingesluit die polis, is dus R5,5 miljoen.

Trek die vrystellingsbedrag af, dan is boedelbelasting (20%) van R400 000 betaalbaar.

Die wet sê die begunstigde van die polis moet pro rata die boedelbelasting betaal wat deur die polis getrek word. Dit is R400 000. Maar dis nie heeltemal waar nie en dit is as gevolg van die manier waarop die som gedoen word. Die totale netto boedel (in ons voorbeeld R5,5 miljoen) word in ag geneem by die berekening en nie net die polis-waarde nie.

Dit beteken dat die polisbegunstigde net R145 455 van die R400 000 boedelbelasting wat deur die polis getrek word, sal opdok. Die res, R254 545, moet deur die boedel self betaal word. Dit is 'n onbedoelde gevolg, want jy het dan presies die vrygestelde bedrag van R3,5 miljoen bemaak juis om nie boedelbelasting hoef te betaal nie.

Die bykomende boedelbelasting waarvoor nie voorsiening gemaak is nie, is egter nie die einde van die storie nie. Waar gaan die geld vandaan kom? R3,5 miljoen is direk bemaak. Dit word genoem 'n legaat. Aan legate word nie sommeer gekrap nie. Die geld gaan uit die restant betaal moet word, dus uit dit wat jy aan jou vrou bemaak het.

Maar sy erf net die woonhuis en die inkomste uit jou pensioenfonds.

Wel, sy gaan óf die huis moet verkoop om die boedelbelasting te kan betaal óf sy gaan die pensioenfondsgeld moet laat uitbetaal. En dan vir Jan Taks eers 'n vet deel daarvan gee, voordat sy die onbeplande boedelbelasting ook nog betaal. 'n Dubbele belastingslag.

Alles kon voorkom gewees het met 'n bietjie beplanning.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: [@Nicovangijsen](https://twitter.com/Nicovangijsen)